NHLRP | National Home Language Reading Programme


# Assesseringsboek

# GRAAD 1

# AFRIKAANS

HUISTAAL

KWARTALE 1 & 2



basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA


NATIONAL EDUCATION COLLABORATION TRUST

ETDP SETA

2030 NDP

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

SACE



# Assesseringsboek

GRAAD 1 | KWARTAAL 1 & 2

## AFRIKAANS

NHLRP | National Home Language Reading Programme

# Inhoud


MONDELINGE LEESVLOTHEIDSTOETSE: OORSIG 1

KWARTAAL 1 9

KWARTAAL 1 MLV TOETSE 10

KWARTAAL 1 ONTLEDINGSVORM 14

KWARTAAL 1 ASSESSERINGSPROGRAM 15


KWARTAAL 2 21

KWARTAAL 2 MLV TOETSE 22

KWARTAAL 2 ONTLEDINGSVORM 26

KWARTAAL 2 ASSESSERINGSPROGRAM 28

GRAAD 1 MLV REKORDERINGS 34



# Mondelinge Leesvlotheidstoetse: Oorsig

## DBO se maatstawwe wat vir EGRA gebruik word

*Die DBO se maatstawwe dui die verwagte uitkomste aan wat teen die einde van die akademiese jaar bereik moet word:*

| Taal | Teen die einde van Graad 1 behoort alle leerders ten minste die volgende te kan lees: | Teen die einde van Graad 2 behoort alle leerders ten minste die volgende te kan lees: | Teen die einde van Graad 3 behoort alle leerders ten minste die volgende te kan lees: |
|---|---|---|---|
| isiNdebele HT | 40 kkpm | 20 kwpm | 35 kwpm |
| isiXhosa HT | 40 kkpm | 20 kwpm | 35 kwpm |
| isiZulu HT | 40 kkpm | 20 kwpm | 35 kwpm |
| Siswati HT | 40 kkpm | 20 kwpm | 35 kwpm |
| Sepedi HT | 40 kkpm | 40 kwpm | 60 kwpm |
| Sesotho HT | 40 kkpm | 40 kwpm | 60 kwpm |
| Setswana HT | 40 kkpm | 40 kwpm | 60 kwpm |
| Tshivenda HT | 40 kkpm | 35 kwpm | 55 kwpm |
| Xitsonga HT | 40 kkpm | 30 kwpm | 40 kwpm |
| Afrikaans HT | 40 kkpm | 50 kwpm | 80 kwpm |
| Afrikaans HT | 40 kkpm | 50 kwpm | 70 kwpm |
| Afrikaans EAT | n.v.t | 30 kwpm | 50 kwpm |

**kkpm = korrekte klanke per minuut / kwpm = korrekte woorde per minuut**

Die NHLRP ondersteun die DBO in hulle doel om teikengerigte ondersteuning aan leerders te bied wat lees betref. Hierdie ondersteuning sluit die volgende mondelinge leesvlotheidstoetse vir Graad 1 in:

| Graad/ Kwartaal | 60 sekondes kennis van letter-klank-verhouding | 60 sekondes Lees van woorde | 60 / 180 sekondes Lees van 'n gedeelte | Mondelinge begripsvrae |
|---|---|---|---|---|
| Graad 1 Kwartaal 1 | 1.1.A (15 Klanke) | 1.1.B (15 Woorde) | n.v.t | n.v.t |
| Graad 1 Kwartaal 2 | 1.2.A (30 Klanke) | 1.2.B (30 Woorde) | n.v.t | n.v.t |
| Graad 1 Kwartaal 3 | 1.3.A (45 Klanke) | 1.3.B (45 woorde) | 1.3.C | 1.3.D (4 vrae) |
| Graad 1 Kwartaal 4 | 1.4.A (60 Klanke) | 1.4.B (60 woorde) | 1.4.C | 1.3.D (4 vrae) |

## Voorbereiding vir die Mondelinge Leesvlotheidstoetse

1. U sal elke kwartaal twee kopieë van elke MLV ontvang.
   - Onderwyser se kopie - dit sluit die getal klanke of woorde per reël in.
   - Leerder se kopie - Gedruk in 'n toepaslike lettertipe en lettergrootte.
2. Berei voor die toetsing deur beide kopieë te lamineer.
   - Dit laat u toe om op die onderwyser se kopie te skryf, dit af te vee en weer te gebruik.
   - Dit beskerm ook die leerder se kopie. Op dié manier kan dieselfde toets herhaaldelik gebruik word.
3. Let wel: Enkelsydige kopieë van die MLV-toetse word as deel van die Flitskaarte-pakket verskaf.



**NHLRP Mondelinge Leesvlotheidstoets (MLV)**
**Verstaan die benoemingsprotokol**

1.1.A - dui die **graad aan**

1.1.A - dui die **kwartaal aan**

1.1.A - dui die **toetstipe aan:** Klanklees

## Administrasie van die Mondelinge Leesvlotheidstoetse

1. Voorsien die klas van 'n geskrewe aktiwiteit.
2. Roep leerders een op 'n slag om te lees.
3. Gee aan die leerder die "leerder se kopie" van die teks.
4. Stel 'n stophorlosie (selfoon) vir die gespesifiseerde tyd wat die leerder moet lees.
5. Sê vir die leerder om die teks hardop te lees totdat u stop sê.
6. Sê vir die leerder om klanke/woorde oor te slaan wat hulle nie vinnig kan lees nie.
7. Begin die tyd en luister hoe die leerder lees.
8. Gebruik 'n nie-permanente merkpen op die "onderwyser se gelamineerde kopie" van die teks om vir elke leerder 'n kolletjie te maak vir elke:
   - klank of woord wat die leerder verkeerd lees
   - klank of woord wat die leerder oorslaan
   - klank of woord wat die leerder langer as 5 sekondes neem om te lees
9. Stop die leerder wanneer die gespesifiseerde tyd verstreke is en maak 'n aantekening van die laaste klank of woord wat die leerder gelees het.
10. Toets C, die leesstuk se leestoetse is ontwerp vir:
    - 60 sekondes lees van 'n gedeelte en
    - 180 sekondes lees van 'n gedeelte
11. Gebruik hierdie toetse as volg:
    - Pas Toets C toe soos gewoonlik vir die eerste 60 sekondes.
    - Luister hoe die leerder hardop lees vir die eerste 60 sekondes en maak 'n kolletjie op die onderwyser se kopie vir elke fout wat hy/sy begaan.
    - Maak 'n aantekening van die laaste woord wat die leerder binne 60 sekondes gelees het.
    - Gebruik hierdie data as Toets C se uitslae.
12. Laat die leerder daarna toe om die gedeelte vir Toets C verder te lees vir 'n verdere 120 sekondes of totdat hy/sy die hele leesstuk gelees het.
13. Gebruik vervolgens Toets D om die leerder se mondelinge begrip te toets.
    - Vra elke vraag aan die leerder en laat tyd toe om te antwoord.
    - As hulle nie binne 5–10 sekondes antwoord nie, beweeg na die volgende vraag.
    - Indien die leerder nie die leesstuk klaar gelees het nie, vra alleenlik die vrae wat hulle kan beantwoord.


# Assessering van mondelinge leesvlotheid

## Administrasie van die toetse

1

Om die MLV-toets te administreer:

- Luister na 'n leerder wat die teks vir die gespesifiseerde tyd lees.
- Maak 'n kolletjie op jou kopie van die teks elke keer as die leerder:
  - **a** 'n klank of woord verkeerd lees
  - **b** 'nklank of woord oorslaan
  - **c** langer as 5 sekondes neem om 'n klank of woord te lees
- Stop die leerder wanneer die gespesifiseerde tyd verstreke is.






## Berekening van leesvlotheid

1. Werk die moontlike totaal vir die leerder uit.
   - Kyk tot waar het die leerder klaar gelees – let op die opgehoopte totaal vir daardie reël
   - Trek enige klanke of woorde af wat die leerder nie in die laaste reël gelees het nie
   - Dit is die moontlike totaal
2. Trek dan die aantal 'kolletjie'-woorde van die moontlike totaal af (woorde wat verkeerd gelees is, oorgeslaan of te lank geneem was om te lees). Dit gee u die leerder se totaal.
3. Teken die leerder se totaal vir die kwartaal aan.



# Assessering van vlotheid van mondelinge lees

## Administrasie van die toetse

1

Om leesvlotheid te bereken:

- Tel hoeveel woorde die leerder in 'n minuut lees.
- Trek die aantal 'stippelwoorde/ kolletjies' af.
- Teken die aantal woorde wat korrek gelees is in 'n minuut aan.

2

Laat ek sien hoe goed sy in haar leeswerk gevaar het.




3




4

Die laaste woord wat sy gelees het, was 'kamers'. Sy het 6 woorde in hierdie reël nie gelees nie, so die moontlike totaal is 32 woorde.




5

Sy het 2 foute gemaak, so haar totaal is 30 woorde korrek in een minuut.



## Rekordering van die MLV se resultate

1. Hierdie program sluit b*ladsye vir MLV re*kordering in.
2. Digitale kopieë van die rekorderingsbladsye is beskikbaar op die webwerf van NECT.
3. Gebruik hierdie rekorderingsbladsye om regdeur die jaar al die MLV se resultate op aan te teken.

## Gebruik van die Rekordblaaie en Analisevorms/Ontledingsvorms

1. Die program sluit ook 'n MLV An*alisevorm vir elke* kwartaal in.
2. Dit behoort gebruik te word om leerders se foute te dokumenteer vir doeleindes van remediëring.
   - Gebruik hierdie vorm regdeur die toetsproses.
   - Maak 'n merkie in die toepaslike kolom elke keer as die leerder 'n fout maak.
   - Sodra u die toets voltooi het, tel die merkies vir elke klank en woord op.
3. Prioritiseer die mees algemene foute vir remediëring soos volg:
   - **Klanke:** Onderrig die klank weer aan die hele klas. Maak dan vir die volgende paar weke seker dat u die betrokke klank insluit in samevoeging-, verdeling- en woordbou-aktiwiteite.
   - **Woorde:** Hersien die klanke in die woord met die hele klas. Hersien die vaardigheid van samevoeging met die hele klas. Vra individuele leerders om woorde te verdeel en saam te voeg. Fokus vir die volgende paar weke op samevoeging- en woordbou-aktiwiteite.
   - **Lees van gedeeltes:** Doen herhaalde lees van die teks as volg:
     - Lees 'n teks hardop aan die klas voor terwyl hulle in hul eie boeke volg.
     - Lees 'n teks saam met die klas en demonstreer die tempo en toon.
     - Vra verskillende groepe leerders om 'n gedeelte van die teks hardop te lees.
     - Gaan voort om die volgende paar weke verskillende tekste te prioritiseer vir herhaalde lees.
   - **Mondeling begrip:** Analiseer die probleem en voorsien remediëring as volg:
     - **Indien leerders nie daarin slaag om die hele gedeelte te lees nie, of indien hulle met baie** woorde sukkel: Gaan voort om dekodering- en vlotheidsvaardighede te bou. Leer die leerders om klanke te lees en saam te voeg, oefen samevoeging en verdeling van woorde, doen herhaalde lees van teksgedeeltes.
     - **Indien die leerders nie die inhoud van die gelese gedeelte ver**staan nie: Fokus op die bou van woordeskat en agtergrondkennis. Lees soveel stories as moontlik aan u klas.
     - **Indien die leerders die gedeelte kan volg, maar nie in staat is om die vrae t**e beantwoord nie: Fokus op die onderrig van begripsvaardighede gedurende Gedeelde Lees. Verduidelik die betekenis van die vraag. Wys die leerders hoe om 'n antwoord op 'n vraag te vind. Gee die leerders baie mondelinge oefening in die beantwoording van vrae.
4. Gebruik die resultate om u groepbegeleide leesgroepe aan die begin van kwartaal op te dateer.
   - Plaas die leerders met die hoogste punte bymekaar. Hierdie groepe kan effens groter wees.
   - Plaas die leerders met die laagste punte bymekaar. Probeer om hierdie groepe so klein as moontlik te hou.
5. Volg elke leerder se uitslae gedurende die kwartaal.
   - Neem kennis van elke leerder se puntetelling vir die toets elke kwartaal.
   - Neem kennis van die leerders wat nie vordering maak nie of wat verswak.
   - U sal addisionele tyd met hierdie leerders moet deurbring, terwyl u op die korrekte vlak vir remediëring werk.

6. Neem kennis van die klasgemiddeld oor kwartale heen. As u 'n tekort aan vordering of 'n algehele agteruitgang in die klasgemiddeld waarneem, oorweeg die volgende:
    - Dink aan verlore of ontwrigte onderrigtyd gedurende die kwartaal. Onthou om leeslesse vorentoe te prioritiseer.

# KWARTAAL 1

# Kwartaal 1 MLV Toetse

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 1.1.A**
Onderwyser se kopie
15 Klanke / 60 sekondes

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| s | E | i | t | n | 5 |
| a | S | e | N | o | 10 |
| t | u | s | l | n | 15 |

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 1.1.A**
Leerder se kopie

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| s | E | i | t | n |
| a | S | e | N | o |
| t | u | s | l | n |

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 1.1.B**
Onderwyser se kopie
15 Woorde / 60 sekondes

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| is | in | tin | sin | nis | 5 |
| ses | net | son | ’n | en | 10 |
| os | tot | nes | ons | ton | 15 |

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 1.1.B**
Leerder se kopie

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| is | in | tin | sin | nis |
| ses | net | son | ’n | en |
| os | tot | nes | ons | ton |



# Kwartaal 1 Ontledingsvorm

**NHLRP MLV**
Taal: Afrikaans
Graad 1 Kwartaal 1
**Ontledingsvorm**

| **Klanke 1.1.A** | **Fouttelling** | **Totaal** |
|---|---|---|
| s | | |
| E | | |
| i | | |
| t | | |
| n | | |
| a | | |
| S | | |
| e | | |
| N | | |
| o | | |
| t | | |
| u | | |
| s | | |
| l | | |
| s | | |
| **Woorde 1.1.B** | **Fouttelling** | **Totaal** |
| is | | |
| in | | |
| tin | | |
| sin | | |
| nis | | |
| ses | | |
| net | | |
| son | | |
| 'n | | |
| en | | |
| os | | |
| tot | | |
| nes | | |
| ons | | |
| ton | | |

# Assesseringsprogram

## GRAAD 1 KWARTAAL 1

**Die hersiene onderrigplan voorsien 'n model van skoolgebaseeerde assessering (SBA) vir elke kwartaal. Hiervolgens moet die volgende vaardighede en konsepte in Kwartaal 1 geassesseer word:**

| KOMPONENT | TAAK |
|---|---|
| **Luister en Praat** | Luister na 'n bekende storie.<br>Vertel die storie oor en sluit al die hoofpunte in. |
| **Klanke** | Identifiseer die letter-klank-verhouding van sommige enkelletter vokale en konsonante. |
| **Lees en Begrip** | Lees hardop uit 'n boek op eie vlak. Voorspel die storie deur van prentjies gebruik te maak. Plaas 3 gebeure in die korrekte volgorde. |
| **Handskrif** | Skryf kleinletters korrek. |
| **Skryf** | Teken 'n prentjie om 'n boodskap oor te dra. Kopieer 'n opskrif en sinne. |

## VOORBEELDE VAN ASSESSERINGSTAKE

- *Hierdie assesseringstake is ontwerp om deel te vorm van die NHLRP.*
- *Waar toepaslik word die NHLPR se MLV-toetse ingesluit as deel van die assesseringsprogram.*
- ***Hierdie assesseringstake mag net so gebruik word of aangepas word om aan Distriksvereistes te voldoen.***

### Luister en Praat

Luister na 'n bekende storie.
Vertel die storie oor en sluit al die hoofpunte in.

### Aktiwiteit

- Doen dit teen die einde van die kwartaal.
- Vra die leerders om aan hulle gunstelingstorie van die kwartaal te dink.
- Verduidelik dat hulle die storie aan u gaan oorvertel.

### Kriteria

Sê vir die leerders dat wanneer hulle 'n storie vertel, hulle die volgende moet onthou:

- Vertel die storie in die korrekte volgorde: wat het eerste -, daarna - en laaste gebeur
- Sê iets net een keer, moenie jouself herhaal nie

- Moet weet wat hulle gaan sê, oefen om die storie te vertel

## Implementering

- Gee die leerders 'n paar minute om aan hul stories te dink.
- Laat hulle toe om te draai en om hulle storie aan 'n maat te vertel.
- Sê vir die leerders om 'n prent van hulle storie met byskrifte te teken terwyl u na die ander leerders luister.
- Roep die leerders een vir een om hulle gunstelingstorie oor te vertel.
- Assesseer elke leerder deur die rubriek wat volg te gebruik.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Struktuur en volgorde** | Die leerder vertel onbenullige stukke van die storie in die verkeerde volgorde. | Die leerder vertel 'n deel van die storie in die korrekte volgorde. | Die leerder vertel die grootste deel van die storie in die korrekte volgorde. | Die leerder vertel die storie in die korrekte volgorde. |
| **Vlotheid** | Die leerder stop gereeld, huiwer en herhaal woorde of frases. | Die leerder huiwer soms en herhaal woorde of frases. | Die leerder vertel die storie vlot, maar stop soms, huiwer of herhaal woorde of frases. | Die leerder vertel die storie vlot en met selfvertroue, sonder om te wag, te huiwer of woorde of frases te herhaal. |



## Klanke

Identifiseer die letter-klank-verhouding van sommige enkelletter vokale en konsonante

## Aktiwiteit

- Doen dit aan die einde van die kwartaal.
- Gebruik NHLRP MLV-Toets: 1.1.A

## Implementering

- Roep die leerders een-vir-een om die MLV volgens instruksies, te voltooi.
- Gebruik die omskakelingstabel hieronder om dit na 'n vlak om te skakel.

| Aantal klanke korrek gelees | VLAK |
|---|---|
| 1 – 4 | 1 |
| 5 - 8 | 2 |
| 9 - 12 | 3 |
| 13 - 15 | 4 |

## Lees

Lees hardop uit 'n boek op eie vlak.
Gebruik hoëfrekwensie woorde en klanke om woorde te dekodeer.

### Aktiwiteit

- Doen dit aan die einde van die kwartaal.
- Gebruik NHLRP MLV-Toets 1.1.B

### Implementering

- Roep die leerders een-vir-een om die MLV volgens instruksies, te voltooi.
- Gebruik die omskakelingstabel hieronder om dit na 'n vlak om te skakel.

| Aantal woorde korrek gelees | VLAK |
|---|---|
| 1 – 4 | 1 |
| 5 - 8 | 2 |
| 9 - 12 | 3 |
| 13 - 15 | 4 |

## Begrip

Voorspel 'n storie deur van prente gebruik te maak.
Plaas drie gebeure in die korrekte volgorde.

### Aktiwiteit

- Doen dit regdeur die kwartaal op Woensdae gedurende die tyd vir Kreatiewe Storievertel.
- Gebruik die lesse wat in die NHLRP-Onderrigplan voorsien word.
- Gebruik die NHRP se Kernleesboek vir Kwartaal 1: Kreatiewe Storievertellingsprente (bladsye 5, 9, 20, 34)

### Implementering

- Loop rond en luister na elke leerder se reaksie op die aktiwiteit terwyl die leerders die aktiwiteit voltooi.
- Assesseer elke leerder deur die rubriek wat volg te gebruik.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Om 'n storie met 'n prent te verbind** | Die leerder sukkel om die storie te voorspel gebaseer op die prent. 'n Poging word aangewend om die karakters en agtergrond/ milieu te identifiseer. | Die leerder poog om hulle storie met die prent te verbind. Die karakters en/of agtergrond/milieu word genoem en ingesluit. Die reeks gebeurtenisse wat voorspel word ontbreek aan logika en interessantheid. | Die leerder verbind sy/ haar storie met die prent. Die agtergrond/milieu en karakters word ingesluit en genoem. 'n Redelik voorspelbare reeks van gebeure word voorspel. | Die leerder verbind sy/ haar storie baie duidelik met die prent. Die karakters en agtergrond/milieu word genoem en beskryf. 'n Logiese en interessante reeks van gebeure word voorspel. |
| **Volgorde van die gebeure in die storie** | Die leerder sukkel om enige van die gebeure in 'n logiese volgorde te plaas. | Die leerder plaas 1–2 gebeure in 'n logiese volgorde. | Die leerder plaas 2–3 gebeure in 'n logiese volgorde. | Die leerder plaas meer as 3 gebeure in 'n logiese volgorde. |

**Handskrif**

Skryf kleinletters korrek.

## Aktiwiteit

- Doen dit regdeur die kwartaal gedurende die Handskriflesse.
- Gebruik die lesse wat in die NHLRP-Onderrigplan voorsien word.
- Loop gedurende die les in die klas rond en neem die leerders se handskrifvaardighede waar.
- Gaan deur die leerders se boeke teen die einde van die kwartaal om die leerders se handskrifvordering waar te neem.
- Assesseer elke leerder deur die rubriek te gebruik wat volg.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Kleinletter-vorming** | Die leerder sukkel dikwels om die korrekte beginpunte en rigtings te onthou. Die meeste kleinletters is swak of verkeerd gevorm. | Die leerder sukkel soms om die korrekte beginpunte en rigtings te onthou. Sommige kleinletters is swak of verkeerd gevorm. | Die leerder ken die korrekte beginpunte en rigtings. Kleinletters is korrek gevorm, maar die leerder kan aan netheid aandag gee. | Die leerder ken die korrekte beginpunte en rigtings. Kleinletters is korrek en netjies gevorm. |




## Skryf

Teken 'n prentjie om 'n boodskap oor te dra.
Kopieer 'n opskrif en sinne.


### Aktiwiteit

- Doen dit gedurende die skryfles in Week 6, 7 of 8.
- Gebruik die lesse wat in die NHLRP-Onderrigplan voorsien word.
- Neem die leerders se boeke aan die einde van die Vrydagles in vir assessering.
- Assesseer elke leerder deur die rubriek te gebruik wat volg.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Prent: Duidelikheid en oorspronklikheid** | Die prentjie is moeilik om te ontsyfer of is nie oorspronklik nie – die voorbeeld van die onderwyser word gekopieer. | Die prentjie is verstaanbaar en oorspronklik, hoewel dit soortgelyk is aan die voorbeeld van die onderwyser. | Die prentjie is duidelik verstaanbaar, persoonlik en oorspronklik. | Die prentjie is duidelik verstaanbaar, persoonlik, oorspronklik en kreatief. |
| **Onderskrif** | Die leerder sukkel om die onderskrif-raamwerk te kopieer en voltooi nie die onderskrif nie. | Die leerder kopieer die onderskrif-raamwerk, maar voltooi nie die onderskrif nie, of maak baie foute. | Die leerder kopieer die onderskrif-raamwerk en voltooi die onderskrif, maar met 'n fout. | Die leerder kopieer die onderskrif-raamwerk sonder enige foute. |



# KWARTAAL 2



# Kwartaal 2 MLV Toetse

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 1.2.A**
Onderwyser se kopie
30 Klanke / 60 sekondes

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| a | u | o | k | w | b | M | T | V | y | 10 |
| e | i | l | p | e | s | N | D | K | B | 20 |
| A | E | I | R | P | y | o | v | w | k | 30 |

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 1.2.A**
Leerder se kopie

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| a | u | o | k | w | b | M | T | V | y |
| e | i | l | p | e | s | N | D | K | B |
| A | E | I | R | P | y | o | v | w | k |

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 1.2.B**
Onderwyser se kopie
30 Woorde/ 60 sekondes

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| bus | rot | vis | kos | som | water | baba | sewe | almal | myne | 10 |
| onder | verder | amper | beste | nuwe | buk | man | kyk | pad | vol | 20 |
| peper | syne | totdat | beter | patat | beste | mense | yskas | kamer | nadat | 30 |

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 1.2.B**
Leerder se kopie

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| bus | rot | vis | kos | som | water | baba | sewe | almal | myne |
| onder | verder | amper | beste | nuwe | buk | man | kyk | pad | vol |
| peper | syne | totdat | beter | patat | beste | mense | yskas | kamer | nadat |



# Kwartaal 2 Ontledingsvorm

**NHLRP MLV**
Taal: Afrikaans
Graad 1 Kwartaal 2
**Ontledingsvorm**

| Klanke 1.2.A | Fouttelling | Totaal |
|---|---|---|
| a | | |
| u | | |
| o | | |
| k | | |
| w | | |
| b | | |
| M | | |
| T | | |
| V | | |
| y | | |
| e | | |
| i | | |
| l | | |
| p | | |
| e | | |
| s | | |
| N | | |
| D | | |
| K | | |
| B | | |
| A | | |
| E | | |
| I | | |
| R | | |
| P | | |
| y | | |
| o | | |
| v | | |
| w | | |
| k | | |

**NHLRP MLV**
Taal: Afrikaans
Graad 1 Kwartaal 2
**Ontledingsvorm**

| Woorde 1.2.B | Fouttelling | Totaal |
|---|---|---|
| bus | | |
| rot | | |
| vis | | |
| kos | | |
| som | | |
| water | | |
| baba | | |
| sewe | | |
| almal | | |
| myne | | |
| onder | | |
| verder | | |
| amper | | |
| beste | | |
| nuwe | | |
| buk | | |
| man | | |
| kyk | | |
| pad | | |
| vol | | |
| peper | | |
| syne | | |
| totdat | | |
| beter | | |
| patat | | |
| beste | | |
| mense | | |
| yskas | | |
| kamer | | |
| nadat | | |

# Assesseringsprogram

## GRAAD 1 KWARTAAL 2

**Die hersiene onderrigplan voorsien 'n model van skoolgebaseeerde assessering (SBA) vir elke kwartaal. Hiervolgens moet die volgende vaardighede en konsepte in Kwartaal 1 geassesseer word:**

| KOMPONENT | TAAK |
|---|---|
| **Luister en Praat** | Luister na 'n bekende storie.<br>Vertel 'n storie oor.<br>Identifiseer die hoofgedagtes. |
| **Klanke** | Identifiseer die letter-klank-verhouding van sommige enkelletter vokale en konsonante. |
| **Lees en Begrip** | Lees hardop uit 'n boek op eie vlak. Gebruik hoëfrekwensie woorde en klanke om woorde te dekodeer.<br>Voorspel die storie deur van prentjies gebruik te maak.<br>Bespreek 'n storie en identifiseer die karakters en die hoofgedagte. |
| **Handskrif** | Skryf kleinletters korrek. |
| **Skryf** | Skryf woorde deur die klanke wat geleer is, te gebruik.<br>Dra gedagtes by tot 'n klas se storie. |

## VOORBEELDE VAN ASSESSERINGSTAKE

- *Hierdie assesseringstake is ontwerp om deel te vorm van die NHLRP.*
- *Waar toepaslik word die NHLPR se MLV-toetse ingesluit as deel van die assesseringsprogram.*
- ***Hierdie assesseringstake mag net so gebruik word of aangepas word om aan Distriksvereistes te voldoen.***

---

### Luister en Praat

Luister na 'n bekende storie.
Vertel 'n storie oor.
Identifiseer die hoofgedagtes.

### Aktiwiteit

- Doen dit regdeur die kwartaal gedurende Gedeelde Lees.
- Roep 'n paar individuele leerders na afloop van 'n les na jou lessenaar toe.
- Vra elke leerder om die storie aan jou oor te vertel, en om die volgende vrae te beantwoord:
  a. Waaroor dink jy gaan die storie?
  b. Wat het jy uit die storie geleer?

### Kriteria

Sê vir die leerders dat wanneer hulle 'n storie vertel, hulle die volgende moet onthou:

- Vertel die storie in die korrekte volgorde: wat het eerste -, daarna - en laaste gebeur
- Sê iets net een keer, moenie jouself herhaal nie
- Assesseer elke leerder deur die rubriek wat volg te gebruik.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Struktuur en volgorde** | Die leerder vertel onbenullige stukke van die storie in die verkeerde volgorde. | Die leerder vertel 'n deel van die storie in die korrekte volgorde. | Die leerder vertel die grootste deel van die storie in die korrekte volgorde. | Die leerder vertel die storie in die korrekte volgorde. |
| **Vlotheid** | Die leerder stop gereeld, huiwer en herhaal woorde of frases. | Die leerder huiwer soms en herhaal woorde of frases. | Die leerder vertel die storie vlot, maar stop soms, huiwer of herhaal woorde of frases. | Die leerder vertel die storie vlot en met selfvertroue, sonder om te wag, te huiwer of woorde of frases te herhaal. |
| **Identifiseer die hoofgedagte** | Die leerder kan selfs nie met die onderwyser se hulp, die hoofgedagte van die storie identifiseer nie. | Die leerder kan met die onderwyser se hulp die hoofgedagte van die storie identifiseer. | Die leerder identifiseer met 'n mate van huiwering die hoofgedagte van die storie. | Die leerder identifiseer die hoofgedagte van die storie met selfvertroue. |



### Klanke

Identifiseer die letter-klank-verhouding van sommige enkelletter vokale en konsonante.

### Aktiwiteit

- Doen dit aan die einde van die kwartaal.
- Gebruik NHLRP MLV-Toets: 1.2.A

### Implementering

- Roep die leerders een-vir-een om die MLV volgens instruksies, te voltooi.
- Gebruik die omskakelingstabel hieronder om dit na 'n vlak om te skakel.

| Aantal klanke korrek gelees | VLAK |
|---|---|
| 1 - 8 | 1 |
| 9 - 15 | 2 |
| 16 - 23 | 3 |
| 24 - 30 | 4 |

## Lees

Lees hardop uit 'n boek op eie vlak.
Gebruik hoëfrekwensie woorde en klanke om woorde te dekodeer.

### Aktiwiteit

- Doen dit aan die einde van die kwartaal.
- Gebruik NHLRP MLV-Toets 1.1.B

### Implementering

- Roep die leerders een-vir-een om die MLV volgens instruksies, te voltooi.
- Gebruik die omskakelingstabel hieronder om dit na 'n vlak om te skakel.

| Aantal woorde korrek gelees | VLAK |
|---|---|
| 1 – 4 | 1 |
| 9 - 15 | 2 |
| 16 - 23 | 3 |
| 24 - 30 | 4 |

## Begrip

Voorspel 'n storie deur van prente gebruik te maak.
Bespreek 'n storie en identifiseer die karakters en die hoofgedagte.

### Aktiwiteit 1

- Doen dit regdeur die kwartaal op Woensdae gedurende die tyd vir Kreatiewe Storievertel.
- Gebruik die lesse wat in die NHLRP-Onderrigplan voorsien word.
- Gebruik die NHLRP Kwartaal 2 Kernleesboek: Kreatiewe Storievertel Prente (bladsye 50, 64, 78 of 92).

### Implementering

- Loop rond en luister na elke leerder se reaksie op die aktiwiteit terwyl die leerders die aktiwiteit voltooi.
- Assesseer elke leerder deur die rubriek wat volg te gebruik.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Om 'n storie met 'n prent te verbind** | Die leerder sukkel om die storie te voorspel gebaseer op die prent. 'n Poging word aangewend om die karakters en agtergrond/ milieu te identifiseer. | Die leerder poog om hulle storie met die prent te verbind. Die karakters en/of agtergrond/milieu word genoem en ingesluit. Die reeks gebeurtenisse wat voorspel word ontbreek aan logika en interessantheid. | Die leerder verbind sy/ haar storie met die prent. Die agtergrond/milieu en karakters word ingesluit en genoem. 'n Redelik voorspelbare reeks van gebeure word voorspel. | Die leerder verbind sy/ haar storie baie duidelik met die prent. Die karakters en agtergrond/milieu word genoem en beskryf. 'n Logiese en interessante reeks van gebeure word voorspel. |

## Aktiwiteit 2

- Doen dit regdeur die kwartaal gedurende Gedeelde Lees.
- Roep 'n paar individuele leerders na afloop van 'n les na jou lessenaar toe.
- Vra elke leerder die volgende vrae:
  a. Wie is die hoofkarakters in die storie? Gee hulle name of beskryf hulle.
  b. Waaroor dink jy gaan die storie?
  c. Wat het jy uit die storie geleer?
- Assesseer elke leerder deur die rubriek wat volg te gebruik.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Karakter-identifisering** | Die leerder sukkel om enige van die karakters te identifiseer of te beskryf. | Die leerder identifiseer en beskryf sommige karakters. | Die leerder identifiseer alle karakters, maar is huiwerig. | Die leerder identifiseer alle karakters korrek. |
| **Identifiseer die hoofgedagte** | Die leerder kan selfs nie met die onderwyser se hulp, die hoofgedagte van die storie identifiseer nie. | Die leerder kan met die onderwyser se hulp die hoofgedagte van die storie identifiseer. | Die leerder identifiseer met 'n mate van huiwering die hoofgedagte van die storie. | Die leerder identifiseer die hoofgedagte van die storie met selfvertroue. |

### Handskrif

Skryf kleinletters korrek.

## Aktiwiteit

- Doen dit regdeur die kwartaal gedurende die Handskriflesse.
- Gebruik die lesse wat in die NHLRP-Onderrigplan voorsien word.
- Loop gedurende die les in die klas rond en neem die leerders se handskrifvaardighede waar.
- Gaan deur die leerders se boeke teen die einde van die kwartaal om die leerders se handskrifvordering waar te neem.
- Assesseer elke leerder deur die rubriek te gebruik wat volg.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Kleinletter-vorming** | Die leerder sukkel dikwels om die korrekte beginpunte en rigtings te onthou. Die meeste kleinletters is swak of verkeerd gevorm. | Die leerder sukkel soms om die korrekte beginpunte en rigtings te onthou. Sommige kleinletters is swak of verkeerd gevorm. | Die leerder ken die korrekte beginpunte en rigtings. Kleinletters is korrek gevorm, maar die leerder kan aan netheid aandag gee. | Die leerder ken die korrekte beginpunte en rigtings. Kleinletters is korrek en netjies gevorm. |

### Skryf

Skryf woorde deur die klanke wat geleer is, te gebruik.
Dra gedagtes by tot 'n klas se storie.

## Aktiwiteit 1

- In Weke 2–7 voltooi leerders op Vrydae 'n Woordbou-aktiwiteit met behulp van klanke in die Kernleesboek, bladsye: 53, 67, 75, 81 en 89.
- Neem die boeke in aan die einde van die Vrydaglesse vir assessering.
- Assesseer elke leerder deur die rubriek te gebruik wat volg.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Aantal korrekte woorde wat weekliks gebou is** | Die leerder bou gemiddeld 0–3 woorde per week. Daar is nie 'n werklike toename in die aantal woorde oor 'n tydperk nie. | Die leerder bou gemiddeld 4–6 woorde per week. Daar is 'n klein toename in die aantal woode wat oor 'n tydperk gebou word. | Die leerder bou gemiddeld 6–8 woorde per week. Daar is 'n klein toename in die aantal woode wat oor 'n tydperk gebou word. | Die leerder bou gemiddeld 7 of meer woorde per week. Daar is 'n duidelike toename in die woorde wat oor 'n tydperk gebou word. |
| **Kompleksiteit van woorde wat gebou word** | Die leerder bou kort, eenvoudige woorde en gebruik bekende klanke. Daar is veelvuldige foute of onvolledige woorde. | Die leerder bou kort, eenvoudige woorde en gebruik bekende klanke. Daar is 'n paar foute of onvolledige woorde. | Die leerder bou eenvoudige en komplekse woorde, en maak gebruik van sowel bekende as nuwe klanke. Daar is min foute of onvolledige woorde. | Die leerder bou eenvoudige en komplekse woorde, en maak gebruik van sowel bekende as nuwe klanke. Die leerder maak selde 'n fout. |

## Aktiwiteit 2

- Doen dit gedurende die Woensdag Skryflesse in Weke 5, 6 of 7.
- Gebruik die lesse wat in die NHLRP-Onderrigplan voorsien word.
- Neem kennis van die leerders se bydraes gedurende die beplanningsfase van die lesse.
- Assesseer elke leerder deur die rubriek te gebruik wat volg.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Bydrae van idees tot die klas se storie** | Die leerder huiwer om idees by te dra. Indien die leerder direk gevra word, is die idees beperk ten opsigte van duidelikheid en oorspronklikheid. | Die leerder is ywerig om idees by te dra en is soms veeleisend. Sommige van die leerder se idees is 'n herhaling van vorige idees, of beperk ten opsigte van oorspronklikheid. | Die leerder is goed gesosialiseerd en dra idees by sonder om veeleisend te wees. Sommige van die leerder se idees is beperk ten opsigte van oorspronklikheid of onduidelik. | Die leerder is goed gesosialiseerd en dra idees by sonder om veeleisend te wees. Die leerder se idees is meestal oorspronklik en duidelik. |

# Graad 1 MLV Rekorderings

**NHLRP MLV**
Taal: Afrikaans
Graad 1
**MLV-rekordkaart: Klanklees**
**Graad 1 Maatstaf: 40 kkpm**

| **Nr.** | **Leerder se naam** | **1.1.A**<br>15 Klanke<br>kkpm-telling | **1.2.A**<br>30 Klanke<br>kkpm-telling | **1.3.A**<br>45 Klanke<br>kkpm-telling | **1.4.A**<br>60 Klanke<br>kkpm-telling |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

**NHLRP MLV**
Taal: Afrikaans
Graad 1
**MLV-rekordkaart: Woordlees**

| **Nr.** | **Leerder se naam** | **1.1.B**<br>15 Woorde<br>kwpm-telling | **1.2.B**<br>30 Woorde<br>kwpm-telling | **1.3.B**<br>45 woorde<br>kwpm-telling | **1.4.B**<br>60 woorde<br>kwpm-telling |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

**NHLRP MLV**
Taal: Afrikaans
Graad 1
**MLV-rekordkaart: Paragraaflees en mondelinge begrip**

| **Nr.** | **Leerder se naam** | 1.3.C kwpm-telling | 1.3.D 4 mondelinge vrae | 1.4.C kwpm-telling | 1.4.D 4 mondelinge vrae |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |



NHLRP | National Home Language Reading Programme